

God is onveranderlik

Party mense sê: “Alles verander! Niks staan vas nie. Die enigste sekerheid is dat daar geen sekerheid is nie!” In die natuurwetenskappe word sommige verskynsels selfs verklaar volgens ’n model wat “die beginsel van onsekerheid” genoem word.

Dit lyk of ’n beginsel van onsekerheid ook die hele geskiedenis van Jona en Nineve beheer. Dit is deur en deur ’n geskiedenis van veranderlikheid. ’n Profeet word ’n droster. Hy loop weg, maar bereik sy bestemming. Hy begin vaar, maar sink. Hy lewer hom oor om te sterwe, maar bly leef. Hy wil nie praat nie, maar preek tog: ’n volle preek en tog net agt woorde, ’n oordeelspreek wat genade bewerk. 120 000 ongelowiges begin glo (vers 5). ’n Koning word ’n bedelaar (vers 6). ’n Volk van geweldsmisdadigers raak mak soos lammetjies (vers 8). ’n Plek bestem vir verwoesting bestaan voort (vers 10). Dit lyk of selfs God verander. God kry “berou” (OAV), Hy “verander van plan” (vers 9) en Hy sien af “van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring” (vers 10). Dit alles is vir Jona te veel. Hy wil sterf (Jona 4:3) Wie kan dit hou met ’n veranderlike God?

Maar, God IS ONVERANDERLIK! Hy is onveranderlik in sy genade oor mense wat hulle bekeer. Ja, juis daarom is al die verandering in die geskiedenis van Jona en Nineve nodig – sodat God sy onveranderlikheid in genade kan wys. Wonderlik! Tóé al was die genade wat Christus op Golgota sou verdien vir God ’n onveranderlike feit!

Waarom verander dinge vandag in jou lewe? Is dit nie dalk om jou die onveranderlikheid van sy genade te laat insien en vasgryp nie? Is dit nie dalk die doel van alle verandering in die wêreld nie?

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~